

Die „Ou-Goud“ van die Afrikaanse

Psalmboek

deur

Prof. dr. G. DEKKER

(Slot.)



JACOBUS REVIUS

LAAT ons nou enkele psalms nagaan om 'n indruk te kry van die wyse waarop Totius van die werk van sy voorgangers profyt getrek het.

Psalm 3 vertoon invloed van Vondel se beryming. Oor die algemeen het Totius weinig gebruik gemaak van hierdie digter se verwerkings wat nie so besonder geslaag is nie en selde aanpas by die kerklike melodieë. Hy het nie eens 'n uitgawe van Vondel se „Harpzangen Davids“ gebruik nie. Die duidelikste is die invloed te bespeur in die tweede strofe:

Vondel:

Maar gij beschut me, o Heer! *en stuit*
Die hoop, en voert den oorlog uit,
Als gij belooft,
En heft mijn hoofd,
Ten trots van 't muitende gerucht,
Met vollen zegen in de lucht.

Totius:

Maar U sal hulle stuit;
U voer die oorlog uit,
My God, my skild, my ere!
U hef, trots hul gerug,
My hoof weer in die lug,
Want U verhoor r y, Here!

Dit was vir my 'n interessante ontdekking om die herkoms van die uitdrukking „die oorlog uitvoer“, wat my van die begin af vreemd aangedoen het, hier by Vondel te vind. Maar die insiggewende reëls wat ons iets laat sien van die geheimsinnige werking van die ware digtertalent, is die slotverse. Die in Vondel se verse in knopvorm aanwesige en deur homself ingevoerde beeld:

Verwacht geen heil dan uit de wolk
Van God, den Zegenaar van 't volk,

het by die Afrikaanse digter ontbloeit tot die moeie:

Stort op u erf 'n seën
soos druppels uit die wolke.

Die eerste twee strofes van Ps. 13 is direk ooreenkomstig van Camphuysen, maar watter siele-ervaringskap, watter eenderse sieletoestand is daar nie nodig nie om die ontroering so suiwer te kan bewaar in sy vertaling! Vergelyk slegs:

Camphuysen:

Hoe lang ben ik van hulpe bloot,
Mijn God, in uw gedachten dood?
Hoe lang, bedompt in duisternissen,
Moet ik uws aanschijs klaarheid missen
En ongetroost zijn in mijn nood?

Totius:

Hoelank is ek van hulp ontbloot,
My God, in u gedagtes dood?
Hoe lank sal ek in donkerhede
Geen antwoord hoor op my gebede,
En ongetroos wees in die nood?

In die tweede strofe neem Totius die in die Bybelsalm nie voorkomende beeld van Camphuysen oor:

Camphuysen:

Hoe lang zal banger zorg en smart
Haar leger houden om mijn hart?

Totius:

Hoelank, o Heer, sal sorg en smart
hul laer opslaan om my hart?

Die derde strofe is by Camphuysen wel mooi, veral die laaste drie reëls, maar tog wel bietjie literêr. Totius wend hom hier tot Marnix. Wat-ter interessante vergelyking bied die verskillende verwerkings:

Bybel:

Aanskou tog, verhoor my Here, my God! Verlig my oë, sodat ek in die dood nie inslaap nie.

Camphuysen:

O! dat uw oog mij open ga!
O! dat uw oor mij gunstig sta!
Bezon mijn oogen met uw luister,
Opdat mij 't eeuwig duister
Met zijne schaduw niet besla.

Marnix:

O Heer, mijn God, zie mij eens aan:
Wil mijn gebeden gade slaan:
Verlichte mijne duister oogen:
End wil doch nimmermeer gedoogen
Datz' in den doodslaap t'ondergaan.

Totius:

O Heer, my God, sien my tog aan,
wil my ellende gade slaan;
verlig die donker van my oë,
en wil tog nimmermeer gedoë
dat ek in doodslaap ondergaan.

Die vierde strofe is Totius se selfstandige werk. Opmerklik is dat ons dieselfde toon by Vondel kry as in Totius se pragtige uitbeelding van die Godsvyand se laatdunkende triomfspot (invloed is hier nie):

Totius:

Laat hul nie roem op meerd're kragte,
of smalend sê in hul gedagte:
„Ons het oorwin, daar struikel hy!”

Vondel:

Dat niet mijn vijand triomfeere,
En stoffe: ik won 't hem af: hij zwicht.

By altwee die uitstekende aanwending van die ruige dialoog om die primêre haat te openbaar.

In die vyfde strofe het Totius die wending „my hoop bly op u goedheid staan“, aan Marnix ontleen.

Psalm 19, die heerlike loflied wat deur die eeue heen in vele tale weerklink het, het ook in Afrikaans 'n skone vertolking gevind. Die invloed van die Nederlandse beryming sal iedereen hier dadelik opval — nog sterker egter hoe Totius gedurig in pragtige reëls sy selfstandige digterskap openbaar. Dit sou moeilik wees om 'n strofe te vind waaruit duideliker en mooier blyk Totius se begeerte om die ou skoonheid te bewaar, sy gereedheid om die hulp van vroeëre digters in te roep, en tegelykertyd sy eie herskeppende vermoë en digterlike siening, as hierdie eerste strofe van Ps. 19. Vergelyk slegs:

Ned. Berym.:

Het ruime hemelrond
Vertelt, met blijde mond,
God's eer en heerlijkheid;
De held're lucht en 't zwerk
Verkondigen zijn werk,
En prijzen Zijn beleid.
Dus kan ons dag bij dag,
Tot roem van Gods gezag,
Zijn wonderen verhalen;
Dus weet ons nacht bij nacht
Zijn onbegrensde macht
En wijsheid af te malen.

Totius:

Die hoë hemelrond
Vertel met blye mond
Gods heerlijkheid en eer,
en, wonderbaar deurglans,
vermeld die wye trans
die werke van die Heer.
Die dag roep orals luid
en duisendstemmig uit
dié loffelike sprake;
die nag se stille stap
meld kude en wetenskap
deur al sy donker wake.

Ek glo nie dat ek van chauvinisme beskuldig sal word nie as ek sê dat ek persoonlik die voorkeur gee aan Totius se strofe om sy frissere beelding. Die Afrikaanse digter het hier egter ook gebruik gemaak van Camphuysen. Iedereen sal in die bostaande wel dadelik die volgende reëls herken:

Des hemels vast gesticht
Verkondigt overluid
En roept veelstemmig uit
Zijns wijzen meesters eere.

Camphuysen se wylpogigheid kom in hierdie psalm besonder sterk uit, veral teenoor Totius se direkte en beheerste weergawe van die Bybelsalm. Die hele tweede strofe van Camphuysen is gewy aan 'n deur hom self ingevoerde gedagte: die wisseling van dag en nag. Die derde strofe keer dan weer terug tot die Bybelteks — hierin kom weer verse voor waarvan Totius gebruik gemaak het, maar hoe oortref die Afrikaanse digter hom in die verse van sy eie skepping!

Dees stemme zonder stem
Heeft doorgaans kracht en klem
Is nergens ongehoord.
Geen volk, hoe onbegaafd,
Geen oor, hoe onbeschaafd,
Of 't vaat dit stomme woord.
Geen mens, of hij kan stof
Tot zijns Scheppers lof
Uit dit Zijn werkstuk scheppen,
Zoo hij van Godlijkheid
Door duisterlijk bescheid
Ooit iet heeft hooren reppen.

Totius:

Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar dié toon
wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf,
geen oor so onbeskaaf
wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemellyn
wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor
dié skeppingstaal nie hoor —
tot roem van God almagtig.

Ek weet dat ek my, noodgedwonge, reeds besondig aan baie aanhalinge. Tog gaan ek die volgende strofe by die twee digters siteer. Wat 'n verskeidenheid van digterpersoonlikheid en digtergawe het ook die drang tot psalmberyming tot openbaring gebring! As ons luister na hierdie verse is dit of ons twee liriese tenore hoor, sterk verskillend van kleur en modulatie, wat die heerlijkheid van Gods skepping bejubel:

Camphuysen:

Wat oog verwondert niet,
Wanneer het flon:ren ziet
De heugelijke zon,
Die God, ver boven 't vuur
In 's hemels schoon azuur
Weleer haar plaats vergon:
Die in den dageraad,
Als zij in 't Oost opgaat,
Door haars gestraals sieraden,
Een bruidegom gelijkt,
Die uit zijn kamer strijkt
In glansenden gewaden.

(Vervolg op bladsy 17.)

Die „Ou-Goud“ van die Afrikaanse Psalmboek

(Vervolg van bladsy 15.)

Totius:

Hij 't in die wonderbou
van ewige hemelblou
die son se tent gestig.
Dié 's soos 'n bruidegom
wat uit sy slaaptent kom
met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held
blymoedig in die veld
van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor
die ganse wêreld oor
wat blink van gloed en glanse.

Maar Camphuysen borduur dan nog twee strofes hierop voort. Sy wydlopigheid in hierdie psalm blyk wel uit die feit dat hy dit uitbrei tot dertien strofes, terwyl Totius en die ander met sewe volstaan. Totius het ook aan Marnix ontleen. Strofe vier begin by Marnix:

Doch godes leer en wet
Is rein en onbesmet.

Dit het Totius die aanslag gegee vir sy strofe:

Die Heer se heil'ge wet
is rein en onbesmet.

Ook in die sesde strofe het hy oorgeneem:

Marnix:

Maar wie kan recht verstaan,
End grondlijk overslaan (= oordink, opsom)
Zijn feilen en gebreken?
Heer reinige mij doch
Van zonden, die mij noch
Int hert verborgen steken.

Totius:

Wie kan van voor af aan
sy dwalinge verstaan
en al wat hom ontbreek het?
Heer, reinig U my tog
van sondes wat daar nog
diep in my hart bly steek het.

As ons ooit bly kan wees oor die bevrugterende invloed van Camphuysen, dan is dit seker in die geval van Psalm 23. Hierdie heerlike lied het, met sy skone, nuwe melodie van Jannasch reeds een van die geliefdste Psalms geword. Die sag stralende idille wat voor ons opgetower word in die breed uitgewerkte pastorale beeld en die rustig golwende, welluidende verse — dit alles het Totius in bekoorlike Afrikaans herskep. Dog laat ek maar weer siteer:

Camphuysen:

Als een Herder zijne schapen in een groen landouwe
weidt,
En, om hunnen dorst te laven, naar de versche
beken leidt:
Zoo is de Heer mijn Hoeder. En omdat de Heer
mij hoedt,
Zal voor 't lijf noch spijs ontbreken, noch ver-
kwikking voor 't gemoed.
Toen ik, als een dolend schaapjen, afgegaan van
't rechte pad,
Ongewisse gangen dede en verkeerde wegen trad,
Bracht Hij, als een trouwe Herder, bracht Hij mijne
voeten weer
Op des levens rechte straten, om zijns naams hoog-
waarde eer.

Of ik schoon (gelijk een kudde die in doodsgevaren
staat,
En somwijlen langs de heide tot een prooi der
wolven gaat),
Wandlen moest op zulke wegen daar men eind noch
uitkomst ziet,
En geen mensch in 't nare donker zich tot leidsman
aan ons biedt:
Ja, in zulke nooden raakte daar de dood voor oogen
stond,
En de ziel bij geene menschen hoop' van troost
noch hulpe vond.
Noch en zoud' ik niet vertsagen, nu gij helpt en
bij mij zijt,
Als een Herder die zijn schapen trouwlijk met zijn
staf bevrijdt.

Totius:

Netsoos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerle in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters —
so is die Heer, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van Sy geregtighede.

En ek is soos 'n skaap in doodsgevaar,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontbloom, in my alleenheid staan —
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,
omdat U staf my troos is en verkwikking.

Let op hoe Totius met 'n heelwat korter vers-
reël klaar kom as Camphuysen en hoe sy ritme
vaster is. Mooi is die afwisseling van vyf- en
sesvoetige verse.

Die eerste strofe van Psalm 38 is ontleen aan
Marnix:

Marnix:

Straf toch niet in ongenaden
Mijn misdaden,
Heer, maar heb met mij geduld;
Wil U niet in toorn ontsteken,
En U wreken
Op mijn zond' en zware schuld.

Totius:

Straf tog nie in ongenade
my misdade,
Heer, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde en sondeskuld.


En vir die laaste strofe het Marnix hom weer
die aanslag gegee:

Marnix:

Maar wil du mij in mijn leven
Niet begeven.

Totius:

Wil my, Heer, in hierdie lewe
nie begewe.



DIRK CAMPHUYSEN

En so sou ek nog op so baie voorbeelde kan wys,
veral van invloed van Camphuysen, wat deur
Totius gedurig geraadpleeg is. Ek noem byv. Ps.
88 — maar hoever oortref die Afrikaanse slotvers,
met sy suggestie van namelose vereensaamheid,
die verse van Camphuysen:

Camphuysen:

Om zulke mijn ellenden en al te grooten nood
Bevind ik mij verlaten, van alle vrienden bloot.

Totius:

U 't vriend en metgesel
verwyder ver van my;
bekendes — hul is almal weg,
en duisternis — naby!

Of Ps. 41, 72, 102, 120, 145. By 'n paar wil
ek nog kortliks stilstaan. Een van die mooiste
strofes van Psalm 130, daardie pèrel van ons
Psalmboek, is geïnspireer deur Camphuysen.
Totius het hier gebruik gemaak van die Neder-
landse digter se uitdrukkingsmiddele om die
turend-gespanne verwagting uit te beeld — hy
het dit nog versterk, en die ontspanning, die
styging daarna in die tweede helfte van die
strofe is veel sterker:

Camphuysen:

Als een die op de muren,
Ter vroegwacht uitgesteld,
Verlangt, en steeds de uren
Met zijn gedachten telt,
En heeft het oog gedurig
Na 't dag-herbrenghend Oost:
Zoo wacht mijn ziel, nu treurig,
Op Goddelijken troost.

Totius:

Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure
met sy gedagte tel —
só wag my siel, en sterker —
gedurig op die Heer,
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daagraad keer.

Vir die uitstekend geslaagde bewerking van Ps.
119, waarby die melodie van die beryming van
die Twaalf Artikels so pragtig pas, het Totius
gedurig besieling geput uit Camphuysen. Die
teks wat Van Elring daarvan gee, is, nes in die
geval van Ps. 23, nie die veel minder gelukkige
beryming wat voorkom in Camphuysen se Psalm-
boek nie, maar kom voor in sy *Stichtelijke
Rijmen* (in my uitgawe, met musiek telkens vir
die eerste strofe, waarin ook die psalmboek
agterin opgeneem is, die 19de druk, Amsterdam,
1882, op bl. 257 vgg., onder die titel: „Den Yver
tot Gods Wet. Poëtische uytbreidings over den
119 Psalm.” Dit bestaan uit 44 strofes, waarvan
die reëls twee maal so lank is as dié van Totius).

Byna die hele Afrikaanse psalm is 'n diep ont-
roerde verwerking van dié van Camphuysen.
Watter gebruik Totius van hierdie hulp gemaak
het, sodat hy sy voorbeeld dikwels oortref, blyk
o.a. uit die volgende:

Camphuysen (33):

Uwe wet, daar Gij den menschen uwe wenschen
door betuigt
En den wil van vrome menschen tot uwen wille
buigt,
Die is wonder! meer dan wonder, als men zijnen
grond doorgrondt:
Hierom is het, dat mijn ziel die al haar trouwe
liefde gont.
Als uw woord, dat vast en klaar is, openbaar wordt,
is 't een vreugd;
En een licht voor simple oogen om te pogen naar
de deugd.
Hoe mijn mond snakt naar uw woorden! met zulk
een lust en trek
Als ik 's levens lieven adem uit de lucht te mijwaart
trek.

Na die pragtige verse (46, 2de helfte):

Maar vir my is u gebooe
reiner, fyner duisendvoud,
meer gelouter en gekeurmerk
as die allerfynste goud,

laat Totius volg (47, 2de helfte; 48, 1ste helfte):

Heer, U wet is my 'n wonder
as 'k sy diepte wil deurgrond;
gaan dit oop, dan skiet dit glanse
skoner as die morestond.

Dis 'n lig wat klare kennis
aan eenvoudiges ontdek;
dis die asem van die lewe
wat ek diep na binne trek.

Tenslotte nog een sitaat. Dis die laaste strofe,
wat nou reeds so 'n mooi plek inneem in ons
erediens, soos trouens die hele Psalm én wat die
woorde én wat die melodie betref, al net so ge-
liefd is as die ou Nederlandse. Met watter roe-
rende eenvoud, met watter waaragtigheid, watter
innige geloof het Totius hier die vrome Neder-
landse digter van die sewentiende eeu nagebid:

Camphuysen:

'k Ben als een verloren schaapjen, van den rechten
weg gedwaald;
U, mijn Heer en Herder, bid ik, dat Gij 't zoekt en
wederhaalt;
Zoek en wederhaal uw dienaar, die, in al zijn
harteleed
En al 's werelds tegenheden, uwe wetten niet vergeet.

Totius:

Heer, ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.
U, my Heer en Herder, bid ek
dat U my tog wil kom haal.
Soek my, bring my weer, u dienaar
wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede,
u gebooe nie vergeet.

Volgens die aangehaalde mededeling van die
digter is Ps. 119 die laaste Psalm wat hy bewerk
het. Voorwaar, 'n waardige slotakkoord.

Ek het in hierdie opstel slegs 'n aantal in-
siggewende voorbeelde behandel. Ek sou ook nog kan
wys op gevalle waar Totius slegs 'n enkele beeld
oorgeneem het, soos byv. in Ps. 28 die onverwagte,
hoewel na die gees heeltemal Bybelse, beeld in
Ps. 28, 6, wat direk aan Vondel ontleen is:

Beloon hul na hul werk en sin,
en skink hul eie drank hul in.

(Vervolg op bladsy 87.)

Die „Ou-Goud” van die Afrikaanse Psalmboek

(*Vervolg van bladsy 17.*)

Ek sou kan wys op gevalle waar slegs 'n woord of wending, waardeur 'n tegniese moeilikheid oorwin word, oorgeneem is. Daar is ook verse aan te wys waar die só gevonde oplossing tog nog nie oortuigend is nie. Ek het 'n enkele keer daarop gewys. „Met onbekrompe hand gee” (Ps. 72, vs. 8, 3) is arra aan siening (ontleen aan Camphuysen), terwyl „my hoop bly op u (goedheid) staan” (Ps. 13, 5 en 88, 1 — aan Marnix en Camphuysen respektiewelik ontleen) gewild aandoen.

Maar oor die algemeen is die indruk wat hierdie voorlopige studie, wat egter op heel sprekende gevalle berus, by my gevestig het, dat die besieling wat Totius uit die beryming van ander geput het, die hulp wat hy by hulle gesoek en gevind het om tegniese moeilikhede te oorwin en sy uitdrukkingsvermoë te versterk en te verfyn, die Afrikaanse psalmboek tot onskatbare voordeel gewees het. Van 'n digter wat gebruik kon maak van so 'n verskeidenheid van voorgangers, kan 'n mens verwag dat hy daardie voorgangers sal oortref. En ek dink dat ek nie te veel sê nie as

ek sê dat Vondel dit ook doen, dat hy sy voorgangers wat betref direktheid van vertolking, vryheid van die neiging om aan te vul met eie fantasieë en bespiegeling, frisheid van beelding en vastheid van ritme, die digters oortref wat hom dikwels sulke skone vondste geskenk het.

Tenslotte nog dit: die ou goud van ons psalmboek is 'n Dietse erfenis; is dit nie 'n verblydende gedagte nie dat nadat ons afskeid geneem het van die Nederlandse psalmboek, wat anderhalwe eeu lank ons geestelike lewe gevoed en vertolk het, ons eie psalmboek wortel in die beste van ons Dietse verlede?